Hoofstuk 4 Die Vroue / Surah Al Nisa

Met die Naam van Allah, die Alomgenadige, die Genadigste.

Die hoofstuk begin met die bevel om 'n heilige ontsag en respek vir Allah as basis vir die behandeling van eie gesinslede te maak, soveel so dat mens niks sal doen wat dalk teen die Wil van Allah sou wees nie.

1. O mens, jy moet 'n heilige ontsag en respek hê vir jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer Wie jou uit 'n enkele siel, Adam, geskape het, uit wie Hy toe 'n maat vir Adam, Eva, geskape het en toe uit die twee, vele manne en vroue die wêreld oor versprei het. En julle moet 'n heilige ontsag en respek hê vir Allah in wie se naam julle van mekaar julle regte eis, regte as familielede om deur familielede versorg te word, en waarlik, Allah ken julle intensies, besware, en motiewe en kyk wat julle doen en of julle heelhartig of net gedwonge omsien na julle familielede.

Dit is belangrik om daarop te let dat die Koran wette en reëls in 'n liefdevolle styl aan die mens wil oordra wat nie ten doel het om koue wette neer te lê nie maar dit wil aanbied in die vorm van opvoeding, opleiding en toegeneentheid deur dit te kombineer met voorbereiding van die hart en intellek van die mens

2. Beskerm en kyk baie mooi na die eiendom van weeskinders sodat julle dit vir hulle kan gee op die bepaalde tyd, moenie die waardevolle dinge wat aan hulle behoort skelmpies omruil vir minder waardevolle dinge nie, en moenie dit wat aan die weeskinders behoort opgebruik saam met julle eie goed nie, maar beheer dit eerder afsonderlik in die versorging van die weeskinders. Om nie verantwoordelik met die eiendom van 'n weeskind om te gaan nie, is waarlik 'n baie groot sonde. (K2:220 & K4:10)

3. Om met 'n wees-dogtertjie wat miskien in jou sorg geplaas is te wil trou met die doel om haar eiendom so in die hande te kry is nie reg nie. Indien jy bang is dat jy nie reg sal laat geskied deur met 'n meisie te trou wat 'n weeskind is nie, trou dan met enigiemand anders of selfs 'n tweede, derde en vierde vrou. Indien jy egter bang is dat jy nie al jou vroue regverdig en dieselfde kan behandel nie, bly dan liewer net by een vrou, of 'n slavin wat jy besit. Sodoende sal jy niemand 'n onreg aandoen nie. (K4:129)

n Baie belangrike beginsel in Islam is dat enigiets wat gegee en ontvang word vrywillig en in goeie gees sal plaasvind insluitende goed en vergifnis

4. En gee die bruidskat, wat in elk geval 'n aanduiding is van die ware intensies van die bruidegom, in goeie gees aan die vroue self, met wie jy besluit het om te trou, en nie aan iemand anders soos haar vader of haar voog nie. As die vroue dan sou besluit om vrywillig afstand te doen van 'n deel daarvan, dan mag jy dit ontvang en tot jou voordeel gebruik soos jy wil.

5. Moenie jou eiendom wat Allah vir jou as inkomstebron of ondersteuningsbasis gegee het, of die beheer daaroor, oorgee aan iemand wat nie verstandelik daartoe in staat is om verantwoordelik daarmee te werk nie, maar voed en klee almal wat in jou sorg is daarmee, en as hulle daarop aandring dat hulle die beheer daaroor wil oorneem, verduidelik dan mooi vir hulle dat hulle nog nie gereed is om so 'n verantwoordelike taak op hulle self te neem nie.

6. Bepaal van tyd tot tyd die verantwoordelikheidsin van die weeskinders in jou sorg totdat hulle 'n troubare ouderdom bereik: sodra jy dan sien dat hulle die nodige verantwoordelikheidsin het om na hul eie goed en na hulleself om te sien, gee dan aan hulle wat aan hulle behoort. Waak daarteen om nie spandabelrig te wees met dit wat aan hulle behoort en dit opgebruik nog voordat hulle groot is nie. Iemand wat welaf is moet liewer nie van daardie eiendom gebruik nie en wie arm is moet op regverdige wyse daarvan gebruik. Sodra jy dan daardie eiendom aan die weeskinders oorhandig moet dit voor getuies wees. Onthou Allah hou self deeglik boek van sake.

7. Of die eiendom van die ouers of die naasbestaande nou klein is of groot, daar is 'n vasgestelde deel wat die manlike erfgename daarvan moet ontvang en so ook is daar 'n vasgestelde deel wat die vroulike erfgename daarvan moet ontvang.

8. Indien daar naasbestaandes en weeskinders en behoeftiges wat nie erfgename is nie teenwoordig is tydens die verdeling van die eiendom, is dit die morele verantwoordelikheid van die erfgename om van wat hulle ontvang het aan die wat nie ontvang het nie te gee as welsynsdaad, en om mooi met hulle te praat en aan hulle te verduidelik hoekom hulle nie erfgename is nie en wat hulle regte in die aangeleentheid is.

9. Enigiemand wat verantwoordelik is vir die verdeling van 'n erflating, moet baie verantwoordelik daarmee werk en seker maak dat die kinders van die gestorwene hul erfporsies reg en regverdig ontvang, so asof dit hulle eie kinders is.

10. Diegene wat die eiendom van weeskinders onregmatig opgebruik, speel met vuur: dit is asof hulle vuur eet wat in hulle mae beland, en hulle sal binnekort in 'n vlammende Hel ingaan.(K18:49)

11. Wat betref die erfporsies vir julle kinders wil Allah hê dat julle dit soos volg sal verdeel: julle seuns moet twee keer soveel kry as julle dogters. Indien jy slegs dogters het, en daar is meer as twee, dan deel hulle twee derdes van wat nagelaat is en indien jy net een dogter het, is haar deel die helfte van wat nagelaat is. Die ouers van die erflater kry kry elk 'n sesde as hy 'n kind gehad het. Maar as daar nie kinders was nie en die ouers die enigste erfgename is, kry sy moeder een derde. Indien hy broers en susters het, kry sy moeder een sesde nadat die testament uitgevoer is indien hy een gemaak het en alle skuld betaal is. Julle vaders of seuns julle weet nie wie van hulle nader aan julle is in bevoordeling nie. Al hierdie bepalings is deur Allah gestel. Waarlik Allah is die Alwetende, die Alwyse.

12. En vir julleself is daar die helfte van wat julle vroue agtergelaat het, in geval hulle nie kinders gehad het nie. Maar as julle 'n kind gehad het, kry julle 'n vierde van wat julle vroue nagelaat het maar eers nadat die erfporsies uitgedeel is en die skuld betaal is. En vir jou vroue is daar 'n vierde van wat jy nagelaat het ingeval jy nie 'n kind het nie. Maar indien jy 'n kind het kry die vroue een agste van wat jy nagelaat het, nadat jou testament uitgevoer is indien jy een gemaak het en die skuld betaal is. En indien die man van wie geërf word, of die vrou, geen vader of seun het om te erf nie maar wel 'n broer of suster, dan is daar vir elk van hulle 'n sesde. En indien daar meer is dan deel hulle in 'n derde nadat die testament, indien daar een was, afgehandel is en alle skuld betaal is, sodat niemand benadeel word nie. Dit alles is deur Allah voorgeskryf. En Allah is die Alwetende, die Verdraagsame.

13. Allah het sekere beperkinge gestel. En wie ook al Allah en Sy Boodskapper gehoorsaam, Allah sal hom opneem in tuine waaronderdeur riviere vloei, om vir ewig daar te bly. En dit is groot sukses.

14. En wie ook al ongehoorsaam is aan Allah en Sy Boodskapper en die beperkinge wat Allah daargestel het oorskry, Allah sal hom opneem in die Vuur, om vir ewig daar te bly. En vir so iemand is daar 'n vernederende straf.

Die vorige verse het ten doel gehad om die bose wanpraktyke gedurende die tydperk van onkunde ten opsigte van weeskinders en erflatings reg te stel

Die volgende verse is bedoel om wanpraktyke met betrekking tot die wrede behandeling van vroue reg te stel

15. Wat betref die vroue wat die skandelike dade van egbreek of buite egtelike seks gepleeg het, moet daar vier manlike getuies wees. Indien die getuies bevestig dat dit wel waar is, moet daardie vroue tot hul huise beperk word tot hulle dood of totdat Allah iets anders voorskryf.(K24:2)

(Die resiteer van 'n Vers wat vroeër deel van die Koran was, wat steniging voorskryf vir egbreek, is later gestaak en so herroep, en dit het slegs in die Hadith voorgeskryf gebly.)

16. En wat betref die twee wat dit gedoen het, martel hulle albei: berispe en verneder hulle en straf hulle fisies deur hulle met die hande en skoene te slaan. Indien hulle berou het en hul sonde bely en hulle voorneem om dit nie weer te doen nie, los hulle dan uit. Waarlik Allah is Meestoegeeflik, Baiegenadig.

17. Die toegeeflikheid wat Allah op Homself geneem het is van toepassing op diegene wat uit onkunde sonde doen, moedswillig of

onwetend, en kort daarna berou het en dit bely voordat die dood so 'n persoon oorval en dit te laat is. Allah is toegeeflik teenoor sulke mense. En Allah is Alwetend, Alwys. (K66:8)

18. Maar die toegeeflikheid van Allah is nie vir diegene wat sonde doen totdat hulle in hul sterwensoomblikke die dood in die gesig staar en dan skielik wil sê: "Nou het ek berou en ek bely my sonde," nie en ook nie vir diegene wat as ongelowiges sterf nie. Vir sulke mense het Ons 'n pynlike straf voorberei.

Die volgende het ten doel om sekere sosiale onregverdighede teenoor vroue reg te stel

19. Gelowiges, hierdie praktyke wat julle het om vroue soos goedere te behandel, en selfs as deel van erfporsies, en hulle lewens en eiendom as selfaangestelde eienaars te wil beheer, is verkeerd, onmenslik en ontoelaatbaar. As julle nie van hulle hou nie, moenie net getroud bly met die doel om hulle so pla dat hulle later uit radeloosheid 'n deel van die bruidskat aan julle teruggee nie, tensy hulle skandelike optrede julle tot egskeiding dwing, dan mag jy presies dit doen. Leef liewer mooi saam met julle vroue en behandel hulle regverdig en goed. As julle nie van hulle hou nie, wees versigtig want Allah wil dalk net deur dit waarvan julle nie hou nie, baie goeie dinge bewerkstellig.

20. Indien jy jou vrou aan wie jy baie gegee het wil vervang met 'n ander een op grond van jou drange en behoeftes, moet dan nie enigiets van die bruidskat probeer terugvat omdat jy wil impliseer dat sy nou skielik skandelik sou opgetree het nie: dit is openlike sonde.

21. En hoe kan jy die bruidskat wil terugvat terwyl julle reeds met mekaar omgang gehad het en jy aan haar 'n vaste huweliksonderneming gegee het?

Die volgende verse identifiseer vroue met wie mans nie mag trou nie. Hou in gedagte dat voor hierdie geopenbaarde opdragte was daar nie sulke reëls nie en was dit wel gedoen

22. Moenie met vroue trou wat eers met julle vaders getroud was nie, behalwe as julle dit nou reeds gedoen het: bly dan getroud. Om met so 'n vrou te trou is 'n skandelike en veragtelike daad, en 'n sondige praktyk.

23. Julle mag ook nie trou met julle moeders, oumas, oumagrootjies, dogters, susters, tantes aan beide vaders- en moederskant, broers se dogters, susters se dogters, jul stiefmoeders en stiefsusters nie, en nie met jul skoonmoeders, en stiefdogters van die vroue met wie julle gemeenskap gehad het nie: indien julle egter nie gemeenskap gehad het met hulle nie, sal dit nie sonde wees nie. Ook nie met julle seuns , kleinseuns of agterkleinseuns se vroue nie, en ook nie met twee susters nie, behalwe as julle dit nou reeds gedoen het. Waarlik Allah is Meesvergewend, Baiegenadig en vergewe foute wat gemaak was voor die koms van Islam.

24. Verder mag julle ook nie trou met vroue wat reeds getroud is nie, behalwe vir die slavinne wat julle eiendom is. Die lys van vroue waarmee julle nie mag trou nie, is 'n verbod van Allah. Behalwe vir die vroue wat Allah vir julle verbied het mag julle met enige ander vroue trou, met die doel om julleself aan hulle te verbind met 'n bruidskat en hulle te versorg en nie net om wellus en seksuele bevrediging nie. So, sodra julle dus met met die vroue* waarmee julle getroud is seksuele omgang gehad het, is die gee van die volle bruidskat verpligtend. En daar is nie fout met dit waarop julle na die oorspronklike bruidskat, ooreenkom nie. Waarlik, Allah is Alwetend: Hy weet van alles wat hulle doen en of dit volgens Sy voorskrifte is en Allah is Alwys: Hy weet wat dit genoodsaak het, wat die redenasie agter dit is en Allah is bekend met die feitelike regverdiging vir die reëls: Allah weet die beste. (*K70:29,30)

Huwelike met Moslem slavinne

25. Trou sover moontlik met 'n vry Moslem vrou, maar iemand wat dit nie kan bekostig om met 'n vry Moslem vrou te trou nie, mag met een van die meisies wat hy besit, trou, maar sy moet 'n Moslem wees. Allah weet die beste met betrekking tot julle geloof en dat julle slavinne soms sterker geloof het as julle wat dit nie algeheel onwenslik maak om met hulle te trou nie. Julle is maar almal dieselfde, of julle nou vry is of slavinne, net mense. So, trou met hulle met die toestemming van hulle meesters, en gee aan hulle daar en dan die erkende bruidskat, neem hulle as julle wettige vroue, kuise vroue wat nie ontug pleeg of by geheime minnaars betrokke is nie. Sodra hulle dan in die huwelik verbind is, en egbreek pleeg, sal hulle onderhewig wees aan helfte van die straf voorgeskryf vir vry vroue. (K24:2) Hierdie toegewing om met 'n slavin te mag trou, geld vir diegene wat bang is dat hulle die sonde van buite egtelike seks sal doen. Dit is egter beter dat julle, jul seksuele drange sal probeer beheer as om met slavinne te trou. Maar as julle dan tog met 'n slavin trou, al is dit onwenslik, het Allah dit steeds toelaatbaar gemaak en sal Hy julle vergewe, want Allah is Meesvergewend, Baiegenadig.

In die volgende verse wys Allah op Sy seëninge en gunste asook verpligtinge en bevele en laastens waarsku Allah teen die sondige intensies van die misleides wat Moslems wil mislei en niks goeds toewens nie

26. Allah is van voornemens om dinge vir julle duidelik te maak en om julle na die weë van die profete en regverdiges voor julle te begelei en om verdraagsaam teenoor julle te wees.

27. En Allah is van voorneme om verdraagsaam teenoor julle te wees terwyl diegene wat hulle begeertes navolg, die egbrekers, die wat buite egtelike seks bedryf, en die mense wat 'n valse leer navolg wil hê dat julle sal luister na hulle valse intensies en verdraaide en slinkse maniere van doen waar geen onderskeid gemaak word tussen Halaal en Haraam, en reg en verkeerd nie: alles idees en gedagtes wat so modern en verlig en eietyds voorkom, maar grootliks afwyk van die Wil van Allah vir die mens en ten doel het om julle ook grootliks te laat afwyk van die Wil van Allah af.

28. Allah wil nie dit vir julle te moeilik maak nie, maar wil dit vir julle maklik maak deur bevele en verpligtinge voor te skryf wat deur almal uitgevoer kan word, want die mens is geskape om van nature swak te wees: aangedryf deur sy behoeftes, begeertes, beperkinge en swakhede.

Die volgende verse beveel die beskerming van alle menslike lewe en eiendom

29. Gelowiges, moenie mekaar met skelm besigheidspraktyke soos diefstal, onregmatige toe-eiening, vertrouensmisbruik, omkopery, rente, dobbel en vals transaksies besteel en beroof nie, of mekaar se eiendom stilletjies aanmatigend vir eie gewin misbruik en so opgebruik nie, of toelaat dat julle eiendom deur spandabelheid of op sondige maniere vermors raak nie: kom eerder ooreen om op 'n eerlike manier met mekaar handel te dryf. Moenie betrokke raak by onwettige besigheidspraktyke wat vernietigend van aard is en so julleself doodmaak deurdat julle jul besittings en lewensmiddele op hierdie maniere verloor nie: en dikwels ook tot selfs selfmoord lei nie. Allah is voorwaar Baiegenadig teenoor julle want Hy waarsku julle betyds teen hierdie skadelike dinge sodat julle, julself van Sy straf vir hierdie sondes kan vrywaar.

30. Wie dus ten spyte van hierdie duidelike bevele teenstrydig daarmee optree, en doelgerig, aggressief en onregmatig dit vat wat aan iemand anders behoort of iemand doodmaak, Ons sal so 'n persoon in die Vuur gooi. En vir Allah is dit 'n maklike ding om te doen.

31. Indien jy jouself weerhou van die groot sondes, wat behels ongehoorsaamheid aan Allah se bevele of direkte opponering van Allah se bevele, onder dit wat jy verbied is om te doen, dan sal ons jou kleiner sondes afskryf soos wat mens slegte skuld afskryf, en jou toelaat tot die edele ingang.

n Vrou wou by die Profeet weet of vroue dan net die helfte van die beloning gaan ontvang omdat hulle op aarde basies op die helfte geregtig is gemeet aan 'n man se deel en die feit dat die getuienis van vroue net die helfte van die van 'n man geag word:

32. Moenie iets begeer wat Allah vir iemand anders gegee het maar nie vir jou nie, wat dit ook al is. Die bepalende faktor hier is dat mans voorrang geniet ten opsigte van voorregte maar ook meer verantwoordelikhede het: Mans kry dus die deel wat hulle verdien en vroue kry die deel wat hulle verdien. As julle dus opmerk dat ander

skynbaar iets het wat julle ook sou wou hê, of dit nou rykdom, gemak, skoonheid, voortreflikheid, kennis of wat ook al is, bid dan en vra vir Allah om julle ook te seën met dit wat Hy in Sy oneindige wysheid weet die beste vir julle sal wees. Waarlik Allah is Alwetend ten opsigte van alles en Hy is die kern van Wysheid en Geregtigheid: Hy weet hoekom en met watter doel Hy dinge geskape het en in stand hou.

33. Ons het dus die bepalings van wie, wat en hoeveel erf wanneer die erflating van ouers of naasbestaandes verdeel word vasgestel op grond van Perfekte Wysheid en Geregtigheid. Wat betref die praktyk wat in die beginstadium van Islam bestaan het, waardeur mense ondernemings aan mekaar gegee het ten opsigte van wat ook uit die erflatings aan hulle betaal moes word, dit moet nagekom word.* Waarlik Allah is die getuie van alles wat plaasvind. (*K33:6)

Die volgende vers handel oor die regte van mans oor vroue en die kruks van die saak hier is dat net soos mans regte het oor vroue is hulle verantwoordelik om die regte van vroue te beskerm

34. Mans is die opsigters, voogde, bewaarders, toesighouers en beskermers van vroue sedert Allah sommige van hulle geskape het om in sekere opsigte sterker te wees as ander en omdat mans van hul geld spandeer met die betaling van die bruidskat en die onderhouding van hul vroue.(K2:233) So, vroue wat binne die Wil van Allah leef, is onderdanig aan hulle mans, en pas hulle mans se eiendom op in sy afwesigheid met die beskerming wat Allah verleen. Wat betref die vroue wat nie hul samewerking wil gee nie of sommer net prontuit ongehoorsaamheid is in die bestuur van hul huishoudelike sake, praat mooi met hulle en probeer hulle oortuig om hul samewerking te gee. Maar indien dit nie help nie, is die volgende stap om nie in dieselfde bed met hulle te slaap nie sodat hulle, hul mans se ontevredenheid kan besef deur die simboliese skeiding. En indien dit nie help nie, slaan hulle. Sodra hulle julle dan gehoorsaam, los dit daar, vergewe hulle, vergeet die verlede, moenie verder teen hulle optree nie en ook nie fout soek oor kleinighede nie omdat Allah in elk geval alles beheer. Waarlik Allah is die Hoogste, die Grootste.

35. Indien julle egter bevrees is dat die huwelik gaan opbreek, stuur dan 'n bemiddelaar vanuit sy mense en een vanuit haar mense om te probeer om die huwelik te red. Indien dit die begeerte van die twee bemiddelaars is om die verhouding te herstel, sal Allah hulle help deur harmonie tussen die man en die vrou te bewerk. Waarlik, Allah is Alwetend, Albewus.

Vanaf vers 1 is die fokus op menseregte. Tot hier is die fokus op weeskinders, vroue en erflatings. Nou is die fokus op ouers, familie, bure en mense in die algemeen

36. Aanbid Allah met so 'n heilige ontsag en respek dat jy gedurig bewustelik daarna streef om slegs binne **Sy** wil te lewe en op te tree en moenie enigiets met Hom assosieer deur eiewillig te wees of ander se wil te doen nie, want eers as Allah die Allergod in jou lewe is sal jy verstaan wat dit beteken as Allah sê: wees goed vir julle ouers*, familie**, die wesies, die behoeftiges, al julle bure, enigiemand saam met wie julle iets doen, reisigers en al die slawe en slavinne wat julle besit, insluitend julle werknemers en werkgewers. Allah hou regtig nie van diegene wat arrogant en trots is nie, juis omdat dit wys dat Allah nog nie die Allergod in iemand se lewe is nie,... (*K2:83, K31:14, **K16:90)

37. ...en behels diegene wat gierig is en ander aanmoedig om gierig te wees en dit wat Allah hulle uit genade geskenk het weg te steek: vir diè ongelowiges het Ons 'n vernederende straf voorberei...

38. ...asook vir hulle wat hul geld spandeer net om deur ander gesien te word en nie in Allah en die Laaste Dag glo nie: hul spandering is dus nie slegs vir die plesier van Allah en vir beloning in die Hiernamaals nie. Sulke mense is medewerkers van Satan en wie Satan as metgesel het, het die bose as 'n metgesel, en is maar in 'n betreurenswaardige vriendskap, gegewe wat Satan se lot gaan wees.

Die volgende verse wil mense oortuig om in Allah en die Oordeelsdag te glo en te spandeer soos beskrywe in die vorige verse

39. Watse skade kon hulle gelei het indien hulle in Allah en die Laaste Dag sou geglo het en van dit wat Allah hulle gegee het gespandeer het. Allah weet alles van hulle af.

40. Waarlik, met die bepaling van die beloning van goeie dade laat Allah niemand skade lei nie*, want Allah mis nie eens 'n klein deeltjie van wat iemand doen nie. En goeie dade vermenigvuldig** Hy en gee 'n groter beloning vir Sy eie plesier. (*K21:47, **K42:23)

41. Hoe sal dit dan wees wanneer ons die profete van elke volk bring as getuies en jou, Mohammed as getuie oor jou volk.

42. Op daardie dag sal diegene wat nie geglo het nie en ongehoorsaam was aan die Boodskapper wens dat hulle gelyk gemaak kan word met die aarde omdat hulle weens hulle verleentheid nie sal weet waar om weg te kruip nie. En die ongelowiges sal niks vir Allah kan wegsteek nie.

Ali het gaste oorgenooi vir ete en as gevolg van die wyn wat bedien voor ete bedien was, was hy steeds bedwelmd toe hy gevra is om die Magrieb Aanbidding te lei en gevolglik 'n baie groot fout gemaak het terwyl hy die leiding geneem het: vandaar die openbaring van die vers. Drank is geleidelike verbied teneinde die baie gebruikers daarvan voor te berei.

43. Gelowiges, moenie naby die Aanbidding kom terwyl julle nog onder die bedwelmende invloed van drank is nie, wag totdat julle nugter is en weet wat julle sê. Aanbidding is ook verbode terwyl julle nog in 'n staat van Meerdere Onreinheid is as gevolg van seksuele omgang of ejakulasie as gevolg van seksuele begeerte op watter manier ook al, en julle nog nie gebad het nie, behalwe terwyl julle reis en water nie beskikbaar is nie. Indien julle siek is, of op reis, en die toilet gebruik het, wat Mindere Onreinheid veroorsaak of seksuele kontak gehad het met vroue of ejakulasie gehad het, wat Meerdere Onreinheid veroorsaak, en julle geen water kan vind om julle te was deur middel van Mindere Reiniging of te bad deur middel van Meerdere Reiniging nie, klap dan net met julle hande in die stof van skoon grond en vee dit oor julle gesigte en julle hande. Waarlik Allah is Meesverskonend, Meesvergewend.

Die volgende verse belig die bose truuks van die vyand soos gepraktiseer deur die Jode en dat Moslems hul woorde versigtig moet kies wanneer hulle enigiets sê

44. Het julle nie diegene gesien aan wie 'n deel van die Boek gegee was nie? Hulle koop misleiding en wil hê dat julle ook die pad moet byster raak.

45. Allah ken julle vyande die beste. Allah is genoeg as vriend en Allah is genoeg as ondersteuner.

46. Onder die Jode is daar diegene wat die betekenis van woorde heeltemal uit verband ruk en dan steeds sê: “Ons hoor maar ons gehoorsaam nie,” en “Hoor. Mag julle gemaak word om nie te hoor nie.” en “Ra'ina” terwyl hulle die betekenis van woorde met die tong verdraai en Islam belaster. En indien hulle sou gesê het: “Ons hoor en gehoorsaam” en “Neem ons in ag” sou dit vir hulle beter gewees het, en meer gepas, maar Allah het hulle vervloek as gevolg van hul ongeloof. So, hulle glo nie, behalwe vir 'n paar van hulle. (K2:104)

47. Julle aan wie die Boek gegee is, glo in dit wat Ons openbaar het en wat bevestig wat julle reeds het, voordat Ons julle ware kleure openbaar, julle jul prestige laat verloor en julle daardeur in die aarde in verneder, of julle vervloek soos Ons diegene wat die Sabbat ontheilig het, vervloek het.

Godslastering of Shirk is onvergeeflik

48. Allah sal enigiets van enigiemand vergewe soos Hy wil maar as iemand 'n vennoot aan Hom toeskryf, of iemand aan Hom gelykstel hetsy op grond van kennis soos alwetendheid en voorkennis, of op grond van die magte en gesag wat eksklusief aan Allah behoort soos om hulp te verleen en verlies te bewerkstellig, of op grond van Aanbiddingsdade wat net aan Allah toekom soos kniel, ede, en geloof, sal Hy dit nooit vergewe nie. Wie ook al 'n vennoot aan Allah toeskryf of iemand aan Allah gelykstel pleeg 'n groot sonde.

In die volgende vers berispe Allah die Jode wat vir hulleself heiligheid, dit is reinheid en sondeloosheid, toe-eien

49. Het julle nie diegene gesien wat heiligheid vir hulleself toe-eien nie? Feit is egter dat Allah heilig wie Hy wil en hulle sal daarna nie

die geringste leed aangedoen word nie, selfs nie soveel as die draadjie van 'n dadelpit nie.

50. Kyk net die leuen wat hulle oor Allah fabriseer, wat sigself 'n groot sonde is.

Nadat twee leiers van die Jode 'n verdrag met die Koereisj van Mekka teen Mohammed gsluit het, het die Mekkaan Abu Sufyan van die Joodse leiers verwag om voor hul gode Jibt en Taghut te kniel om hul betroubaarheid te bewys

51. En wat van diegene aan wie 'n deel van die Boek gegee was, Huyayy en Ka'b wat hul godsdiens vir 'n oomblik prysgegee het net om 'n samewerkingsooreenkoms met die Mekkane te kan sluit? Toe hulle uitgedaag is om voor afgode te kniel het hulle toegegee en so gewys hulle glo in die afgod: "Jibt", die versinnebeelding van valse gode en towery asook in die afgod: "Taghut", die versinnebeelding, ewe arrogant, van geloof in enigiets anders as Allah soos waarsêers en die duiwel, en wat meer is: in hul sameswerings met die Mekkane teen Mohammed, was hulle van mening ten opsigte van die ongelowiges met wie hulle saamgesweer het: "Hulle word beter gelei in hul optrede as die gelowiges." (K16:36)

52. Sulke mense is diegene wat Allah vervloek, en vir die een wat Allah vervloek sal julle geen helper vind nie, want om deur Allah vervloek te wees beteken om ver verwyder te wees van die genade van Allah.

53. Wat sou die basis wees vir die geweldige jaloesie van die Jode teenoor Mohammed as Profeet: kan dit wees dat hulle wens hulle kon die kennis, genade, eer en seëninge wat Allah op die Profeet uitstort op 'n manier stop of net laat verdwyn? Kan die rede daarvoor wees dat hierdie Jode dink hulle is die ware erfgename van die koninkryk, en dat die Profeetskap eintlik aan 'n Jood gegee moes gewees het? Maar selfs die redenasie is heeltemal verkeerd want hulle het geen koninkryk nie en gee in elk geval nie 'n flenter om vir hul medemens nie en wat meer is, Mohammed is 'n afstammeling van 'n familie van profete wat oor koninkryke voor hom regeer het: so dis niks vreemds dat hy nou ook 'n profeet sou wees nie.

54. Of is dit dat hulle jaloers is op die welvaart wat Allah aan ander mense skenk, terwyl Ons reeds aan die huis van Abraham die Boek en die wysheid gegee het en 'n magtige koninkryk?

55. Daar was sommige onder die Jode wat in dit geglo het maar daar was ander wat hulle rûe daarop gekeer het. Vir diegene wat hul rûe daarop gekeer het sal die Hel met 'n vlammende vuur genoeg wees.

Die straf vir ongeloof en die beloning vir geloof

56. Diegene wat nie in Ons verse geglo het nie, Ons sal hulle verseker in a vuur maak ingaan. Sodra hulle vel afgebrand is sal Ons vir hulle nuwe vel gee, sodat hulle, hul straf onophoudelik kan voel. Waarlik Allah is Almagtig, Alwys.

57. Wat betref diegene egter wat geglo het en goeie dade gedoen het, Ons sal hulle toegang verleen tot tuine waaronderdeur riviere vloei, om daar vir ewig te bly, en vir hulle is daar gereinigde vroue. En ons sal hulle toegang verleen tot 'n lang uitgerekte koelte.

Vers 58 was openbaar net nadat die Profeet die sleutel van die Baytullah permanent in die sorg van Talhah geplaas het.

58. Allah beveel julle om jul verantwoordelikhede wat op vertroue berus na te kom teenoor diegene wat daarop geregtig is en om wanneer julle 'n oordeel moet vel, julle regverdig sal oordeel. Allah moedig julle waarlik aan om die goeie te doen. Waarlik, Allah is Alhorend, Alsiende.

59. Gelowiges, wees gehoorsaam aan Allah en wees gehoorsaam aan die Boodskapper en aan diegene onder julle met gesag*. wanneer julle dan oor iets rusie maak**, verwys dit na Allah en die Boodskapper, indien julle in Allah en die Laaste Dag glo. Dit is goed om geskille so op te los en uiteindelik die beste manier van doen. (*K4:83, **K42:10)

60. Het julle nie diegene gesien wat daarop aanspraak maak dat hulle geglo het in dit wat aan julle en voor julle geopenbaar was nie, maar wat eintlik nog maar net hul ou ongelowige self is nie? Hulle wil, soos Bishr wat geweet het hy issss skuldig en bang was vir die Profeet se oordeel, hul geskille na die Taghut toe neem, dit is Ashraf, die Joodse leier en satansagent wie Bishr gedink het in sy guns sou besluit teen die Jood met wie hy in 'n geskil was, terwyl hulle geweet het dat hulle beveel was om Taghut te verwerp. Die Satan wil hulle mislei om vêr buite die Wil van Allah te lewe.

61. En wanneer aan sulke mense gesê word: "Kom na dit wat Allah openbaar het en na die Boodskapper toe," sal julle sien hoedat die wat voorgee wat hulle nie is nie, met afkeer van julle af wegdraai.

62. Maar, net sodra as wat hulle een of ander ramp beleef as gevolg van dit wat hulle oor hulleself gebring het, dan kom hulle vinnig na julle toe en sweer dan hoog en laag: "Ons wou maar net die goeie bevorder en harmonie bewerkstellig."

63. Allah weet wat is in daardie mense se harte: die ongeloof en die voorgee wat hulle nie is nie. Die beste is om dit wat hulle is te ignoreer en hulle goeie raad te gee en met hulle te praat oor hulleself in woorde wat hulle diepste wese raak, sodat hulle, hul toestand kan besef.

64. Ons het nooit enige Boodskapper gestuur om enige ander rede as net dat die Boodskapper gehoorsaam moet word en dat die mense daardeur sal weet wat die Wil van Allah is nie. Indien hulle maar, nadat hulle hulself benadeel het, na julle toe gekom en om vergifnis gesmeek het by Allah en sodat die Boodskapper, wie se woord in twyfel getrek is, ook vir hulle by Allah om vergifnis kon vra, sou hulle sekerlik gevind het dat Allah Meestoegeeflik, Baiegenadig is.

65. Hulle sal dus nooit, sowaar as jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer, gelowiges word nie tensy hulle jou die regter maak in hul geskille, en totdat hulle vrede gemaak het in hulle harte met jou besluite en hulleself daarby berus in algehele onderdanigheid.

66. Indien Ons voorskrif aan hulle sou wees dat hulle hul lewens moet opoffer en hulself om die lewe moet bring of moet wegtrek van hul vaderland af, sou hulle dit nie gedoen het nie behalwe vir 'n paar van hulle. Indien hulle egter gedoen het wat hulle aangeraai was om te doen, sou dit vir hulle beter gewees het, en meer effektief in die versterking van hulle geloof.

67. In daardie geval sou Ons hulle verseker 'n groot beloning gegee het...

68. ...en hulle gewys het hoe om binne die Wil van Allah te lewe.

69. Diegene wat Allah en die Boodskapper gehoorsaam, is onder diegene wie Allah geseën het, naamlik die profete, die getroue navolgers van die profete, diegene wat hul lewens opgeoffer het op die weg van Allah, en die regverdiges: en in watter goeie geselskap is hulle nie.

70. Watter wonderlike genade is Allah se genade nie, 'n algenoegsame genade juis omdat Allah die een is wat weet, wat die beste weet, wat alles weet.

Stryd as voorskrif vir die gehoorsames en getroues teneinde hul geloof te besiel en die Woord van Allah te verhef

71. Gelowiges, neem voorsorgmaatreëls en masjeer in groepe of almal saam.

72. In julle geledere is daar iemand wat gereeld uitsak en dan wanneer 'n ramp julle tref sal hy sê: "Allah was so goed vir my dat ek nie by hulle was nie."

73. Maar wanneer iets goeds met julle gebeur sal daardie selfde persoon sê, so asof daar geen vriendskap tussen julle bestaan nie: "As ek tog maar by hulle was kon ek ook 'n groot sukses behaal het."

74. Diegene dus wat meer waarde heg aan die Hiernamaals as aan hierdie aardse lewe, moet op die weg van Allah veg. Vir diegene wat op die weg van Allah veg, of hy nou sterwe of oorwin, vir hom sal Ons 'n groot beloning gee.

75. Wat gaan aan met julle dat julle nie op die weg van Allah veg vir die onderdruktes wat om gesondheidsredes en finansiële redes moes agterbly in Mekka, en deur die ongelowiges geteister word nie, en wat bid: "Ons Skepper, Voorsiener en Onderhouer, neem ons uit hierdie dorp met sy wrede mense weg. En voorsien vir ons vanuit U eie iemand om ons te ondersteun en iemand om ons te help."

76. Diegene wat glo veg op die weg van Allah en diegene wat nie glo nie veg op die weg van Taghut: die Satan en sy Satansagente. So,

beveg die vriende van Satan. Waarlik die misleiding en planne van die Satan is swak, halfhartig en van geen ware betekenis nie.

77. Het julle nie diegene gesien in Mekka voor die migrasie, wat by die Profeet gekla het dat die ongelowiges hulle teister, en aan wie toe gesê was: ”Ek het nog nie opdrag gegee om te veg nie, so wees geduldig en weerhou julleself van veg, en kry eers julle eie lewe in orde deur standvastig te wees in julle Aanbidding en die Armebelasting te betaal.” Verbasend genoeg, toe daardie selfde mense by Medina is waar die motivering vir veg verminder het, en dit hulle toe opgelê is om te veg**, toe begin sommige van hulle om bang te wees vir mense soos wat mens bang sou wees vir Allah, of selfs meer. Toe was hulle reaksie: “Ons Skepper, Voorsiener en Onderhouer, hoekom het U dit ons nou opgelê om te veg? Kon U ons nie 'n klein bietjie langer gespaar het nie?” Sê vir hulle: “Die genietinge van hierdie wêreld is maar klein*, in vergelyking met die van die Hiernamaals: dit is vêr beter vir diegene wat 'n heilige ontsag en respek het vir Allah. Julle sal nie verontreg word nie, nie eens soveel as 'n stukkie vesel nie. (K16:33) (**K47:20)

78. En hoekom probeer julle nou om Stryd uit vrees vir die dood, te ontduik? Onthou, maak nie saak waar julle is nie, die dood sal julle vind, al is julle in versterkte kastele.” wanneer iets goeds met hulle gebeur dan sê hulle: “Dit is van Allah af.” Maar as iets slegs met julle gebeur, dan sê hulle: “Dit is van jou af.”

Sê vir hulle: “Alles is van Allah af.” Wat is fout met hierdie mense, want dit lyk nie of hulle 'n woord verstaan nie.

79. Wat ook al met julle gebeur wat goed is soos die seëninge wat julle ontvang, is alles dinge wat Allah julle skenk: dit is dus nie iets waarop julle geregtig is of verdien nie, want selfs julle vermoë om iets goed te doen is van Allah af. Maar wat ook al met julle gebeur wat sleg is dit kom deur julleself: lyding, ongeluk, rampe, ja enige bose ding: vir die ongelowige is dit straf, vir die gelowige is dit 'n toets tot verootmoediging en presies net dit wat sy redding en verlossing in die Hiernamaals bewerkstellig. Ons het jou gestuur om 'n Boodskapper vir alle mense te wees. Allah is genoeg as getuie.

Gehoorsaamheid aan die Profeet is verpligtend

80. Wie ook al die Boodskapper gehoorsaam, is gehoorsaam aan Allah*, maar wie hulle rug daarop keer: Ons het jou nie as 'n wag oor hulle aangestel nie: dit is hul vrye keuse en jy moet jou nie daaroor bekommer nie, want jou taak is nie om hulle te keer om ongelowig te wees nie maar slegs om die boodskap af te lewer. (*K48:10)

81. En hulle verklaar: “Ons is gehoorsaam.” Maar wanneer hulle van jou af weggaan, dan is daar 'n groep van hulle wat in die nag saamsweer teenstrydig met wat hulle verklaar het. Allah hou rekord van hul sameswerings*. So, ignoreer hulle en plaas jou vertroue in Allah. Allah is genoegsaam om op te vertrou. (*K47:26)

82. Bepeins en dink hulle dan nie na oor wat in die Koran is nie? Indien dit iemand anders as Allah was wat die Koran voortgebring het, sou hulle daarin baie teenstrydighede gevind het.

Vers 83 was openbaar na aanleiding van die gerug dat die Profeet van sy vroue geskei het en vermaan gelowiges om nie hoorsê te herhaal, alvorens die feite nie vasgestel is nie

83. wanneer sekere mense gerugte verneem insake dit wat die vrede versteur of vrees veroorsaak, soos in die geval van die gerug dat die Profeet van sy vroue geskei het, dan versprei hulle hierdie gerugte op grond van hoorsê. Indien hulle dit egter eers met die Profeet gaan bevestig het, of met diegene in gesagsposisies* onder hulle, kon die aangeleentheid behoorlik ondersoek gewees het en die ware feite vasgestel gewees het. (*K4:59)

In vers 84 word die Profeet beveel om die gewondes en bevreesdes te ignoreer en vir Stryd na Badr te gaan, al gaan hy ook alleen

84. Mohammed, gaan en veg op die weg van Allah. Jy is slegs vir jouself verantwoordelik. Probeer om die gelowiges te oortuig om saam te gaan, maar wat hulle ook al besluit, Allah sal waarskynlik die strydkrag van die ongelowiges teen wie jy moet veg, inperk. Allah is die sterkste in oorlog en die magtigste in straf.

85. Wie ook al 'n goeie aanbeveling maak met betrekking tot enige aangeleentheid, sal in die goeie beloning wat dit meebring deel in die Hiernamaals. En wie ook al 'n slegte aanbeveling maak, sal in die straf daarvan deel. Allah het mag oor alles.

86. wanneer iemand jou groet, groet dan selfs vriendeliker terug of op dieselfde manier. Allah hou rekord van alles, selfs van hoe jy mense groet.

87. Allah! Daar is geen god nie behalwe Hy, daar is niks of niemand wat aanbiddingswaardig is nie behalwe Allah. Allah sal julle verseker bymekaarmaak met die Oordeelsdag. Daar is geen twyfel daaroor nie. Wie is meer betroubaar as Allah ten opsigte van sy woord?

88. Wat gaan aan met julle dat julle in twee groepe verdeeld is oor die mense wat voorgee wat hulle nie is nie, terwyl dit Allah is wat hulle tot die ongeloof laat terugkeer het oor wat hulle gedoen het. Wil julle diegene lei wat Allah laat afdwaal het? Diegene wat Allah laat afdwaal het, sal julle nooit weer 'n weg voor terug kan vind nie.

89. Hierdie mense wil hê dat julle ook ongelowig sal word soos hulle, en so word julle almal dieselfde. Moet dus nie vriende met hulle maak nie, tensy hulle Moslems word. Maar sou hulle verseg om Moslems te word, gryp hulle en maak hulle dood net waar julle hulle kan kry, en moenie een van hulle as vriend of helper neem nie.

90. Behalwe diegene wat by 'n groep aansluit met wie julle 'n vredesooreenkoms het, of wie na julle toe kom en weier om teen julle of teen hulle eie mense te veg: indien Allah wou kon Hy hulle mag oor julle gegee het, en dan sou hulle teen julle geveg het. As hulle dus van julle af wegbly en nie teen julle veg nie en julle vrede aanbied, dan het Allah julle nie die reg gegee om teen hulle te veg nie.

91. Julle sal diegene kry wat beveilig wil wees teen julle en teen hul eie mense. Maar wanneer hulle teruggeroep word na die verkeerde, dan word hulle in dit ingetrek. So as hulle nie van julle af wegbly nie, en julle nie vrede aanbied nie, en nie hulself beheer nie, gryp hulle dan, en maak hulle dood waar julle hulle ook al kan kry: teen sulke mense het Ons julle 'n oop geleentheid gegee.

92. 'n Gelowige mag nie 'n ander gelowige doomaak nie, behalwe as dit per ongeluk gebeur. Wie ook al 'n gelowige per ongeluk doodmaak, moet 'n gelowige slaaf vrylaat en moet bloedgeld aan die familie van die oorledene betaal, tensy hulle van hul reg daarop afsien. Indien die slagoffer behoort aan 'n volk wat jou as gelowige vyandig gesind is, dan moet 'n gelowige slaaf vrygelaat word. En indien die slagoffer behoort aan 'n volk tussen wie en julle daar 'n vredesooreenkoms bestaan, dan moet bloedgeld aan die familie van die oorledene betaal word, en 'n gelowige slaaf moet vrygelaat word. Indien hy nie 'n slaaf kan vind om vry te laat nie, moet hy vir twee opeenvolgende maande vas. Hierdie is 'n toegewing van Allah. En Allah is Alwetend, Alwys.

93. Wie ook al 'n gelowige doelbewus doodmaak, sy beloning is die Hel waar hy vir ewig sal bly. Allah sal baie kwaai met hom wees, 'n vloek op hom plaas en het vir so iemand 'n geweldige straf voorberei.

Geen besluit mag geneem word sonder dat die aangeleentheid eers behoorlik ondersoek is nie

94. Gelowiges, wanneer julle uitgaan op die weg van Allah, of dit nou vir Stryd is, of vir besigheid, na plekke toe waar julle nie die mense ken nie, wees versigtig om nie op julle vermoedens te reageer nie. As iemand julle dus op die Moslemmanier met: “Salaam” groet, moenie sommer sê: “Jy is nie 'n Gelowige en 'n Moslem nie.” en die man dan net daar doodslaan net om sy goed as “gevegsbuit” in die hande te kry nie, want die groet kan enige van twee dinge beteken: 'n gewone Moslemgroet en tweedens as verklaring van onderdanigheid en oorgawe aan die wil van Allah.

95. Diegene wat terugsit, behalwe nou vir die gestremdes, is nie gelykwaardig aan diegene wat met hul rykdom en lewens vir die saak van Allah veg nie. Allah het 'n hoër rang toegeken aan diegene wat met hul rykdom en lewens veg, as aan diegene wat nie deelneem nie: en aan die deelnemers, in watter vorm ook al, het Allah die goeie belowe. Allah het ook voorrang gegee aan diegene wat deelneem deurdat hulle 'n groter beloning sal ontvang: ...

96. ...in die vorm van hoër status, vergifnis en genade. Allah is Meesvergewend, Baiegenadig.

Verse 97 tot 100 bevat die meriete, seëninge en bevele rakende

Hijra: wat beteken om iets te los of van te vlug omdat jy ongelukkig is daarmee.

97. Diegene wat die engele kom haal terwyl hulle besig was om hulself te benadeel, aan hulle het die engele gesê: “Waarmee was jy besig?” Dan het daardie mense geantwoord: “Ons was verdruk op die aarde.” En die engele het gesê: “Was die aarde nie wyd genoeg dat julle daarin skuiling kon gevind het nie.” Vir diesulkes is hul skuiling die Hel. Dit is 'n slegte plek om na toe te gaan.

98. Maar diegene soos die onderdrukte manne, vroue en kinders wat op geen manier die stad Mekka kon verlaat nie.

99. Dit is waarskynlik dat Allah diesulkes sal vergewe. Allah is Meesverskonend, Meesvergewend.

100. Wie ook al dan emigreer op die weg van Allah sal op die aarde vele plekke vind waar hulle kan woon asook 'n wye verskeidenheid van hulpbronne. Diegene wat dan hul huise agterlaat ter wille van Allah en die Boodskapper, en op die pad sterf, hulle beloning is deur Allah vasgestel. Allah is die Meesvergewend, Baiegenadig.

101. wanneer julle op reis is, is dit nie verkeerd om julle Aanbidding korter te maak, indien julle bang is dat die ongelowiges vir julle moeilikheid gaan maak nie. Waarlik die ongelowiges is openlik julle vyand.

102. En wanneer jy, profeet Mohammed, by die gelowiges is, reël dan die aanbidding sodat hulle beurte maak om te Aanbid: laat een groep van hulle met hulle wapens by jou staan. Sodra hulle dan klaar Aanbid het, moet hulle wegbeweeg, waarna jy en die ander groep wat nog nie Aanbid het nie, dan saam met jou moet Aanbid, terwyl hulle ook voorsorgmaatreëls tref en hul wapens by hulle hou. Die ongelowiges wil juis hê dat julle, jul waaksaamheid verslap en agterlosig raak sodat hulle julle met een aanval kan oorweldig. Julle sal nie sonde doen indien julle om gerieflikheidshalwe as gevolg van reën of siekte tog julle wapens eenkant neersit nie. Tref net altyd voorsorgmaatreëls. Waarlik Allah het vir die ongelowiges 'n vernederende straf voorberei.

103. Sodra julle dan jul Aanbidding voltooi het, loof en prys Allah terwyl julle staan, sit en gaan lê*. Sodra julle dan veilig is, doen dan weer die volledige Aanbidding. Aanbidding is 'n verpligting op die gelowiges op vasgestelde tye. (*K33:41)

104. Moenie swakheid vertoon teenoor hierdie mense nie. wanneer julle ly, dan ly hulle netso, terwyl julle die hoop het in Allah wat hulle nie het nie. Allah is die Alwetende, die Alwyse.

105. Mohammed, Ons het aan jou die Boek met die waarheid openbaar sodat jy tussen mense kan oordeel met die insig wat Allah aan jou gegee het. Maar moenie as advokaat vir die verdediging van diegene wat vertrouensbreuk pleeg, optree nie.

106. En vra om vergifnis van Allah. Waarlik Allah is Alomvergewend, Baiegenadig.

107. Moet ook nie namens diegene optree wat hulself verraai nie. Waarlik Allah hou nie van sondige verraaiers nie.

108. Hulle steek dinge vir mense weg maar nie vir Allah nie. Allah is by hulle wanneer hulle planne maak om te sê wat Allah nie goedkeur nie. Allah omvat alles wat hulle doen.

109. Kyk dit is wat jy is: jy kan miskien vir hulle intree tydens hierdie aardse bestaan, maar wie gaan vir hulle intree by Allah op die Oordeelsdag, en wie sal dan hul verdediger wees?

110. Wie egter sonde doen en homself benadeel, maar dan om vergifnis vra by Allah, sal vind dat Allah Meesvergewend* en Baiegenadig is. (*K42:25)

111. Wie ook al 'n sonde doen, doen dit maar net teen homself. Allah is Alwetend, Alwys.

112. En wie ook al 'n onsedelikheid of 'n sonde doen, en die skuld daarvoor op 'n onskuldige persoon pak, neem op homself die las van a valse beskuldiging en skandelike sonde.

113. Indien die guns van Allah en Sy genade nie by julle was nie, sou julle geen beskerming gehad het teen 'n groep van hulle wat daarop uit was om julle te mislei nie. Eintlik mislei hulle niemand anders as net hulleself nie. En hulle kan julle geen skade aandoen nie. Allah het aan julle die Boek en die Wysheid openbaar en aan julle geleer wat julle nie geweet het nie. En die guns en genade van Allah teenoor julle was altyd groot.

114. Daar is niks goeds in 'n geheime gefluister nie, tensy dit gaan oor 'n welsynsdaad, geregtigheid of rekonsiliasie tussen mense. Wie dus een van hierdie goeie dade doen, sal 'n groot beloning van Ons ontvang.

115. Wie ook al wegbreek van die Profeet af nadat die regte weg aan Hom duidelik geword het* en dan die weg volg wat nie die weg van die gelowiges is nie, Ons sal dat hy kry wat hy gekies het, en Ons sal hom in die Hel opneem. Dit is 'n slegte plek om na toe te gaan. (*K43:36)

116. Waarlik Allah vergewe niemand wat 'n vennoot aan Hom toeskryf nie, soos die heidene van Mekka, maar Allah vergewe enigiets anders vir wie Hy wil. Wie ook al 'n vennoot aan Allah toeskryf het inderdaad vêr van die Wil van Allah afgedwaal. (K4:48, K26:97,98)

117. Hulle aanbid hul vroulike gode in die plek van Allah en hulle aanbid die Satan, die rebel...

118. ...vir wie Allah vervloek het. Dit was Satan wat gesê het: “Ek gaan verseker 'n deel van U diensknegte neem...

119. ...en hulle mislei en hulle probeer verlei met vals hoop en aan hulle die opdrag gee om die ore van beeste te sny en die skepping van Allah sal verander.” Wie ook al die Satan as vriend neem in die plek van Allah het vir homself 'n duidelike verlies veroorsaak.

120. Die Satan maak allerhande beloftes aan hulle en probeer hulle verlei met allerhande hoop. Maar Satan het geen ander belofte aan hulle gemaak nie as net dat hy hulle gaan probeer mislei.

121. Vir sulke mense is hul skuiling die Hel en hulle sal nie daarvan kan ontsnap nie.

122. Diegene egter wat glo en goeie dade doen, sal ons opneem in tuine waaronderdeur riviere vloei. Hulle sal daar vir ewig lewe: 'n ware belofte van Allah. Wie se woord kan dan meer waar en betroubaar wees as die van Allah?

123. Hierdie debat tussen die Moslems en die mense van die Boek is nie vir selfverheerliking en aansprake oor wie se profeet en wie se Boek nou eintlik die belangrikste is nie. Dit gaan eintlik oor dade: wie ook al bose dade doen sal vergelding ontvang daarvoor en sal vir homself, naas Allah, geen vriend of helper vind nie.

124. Wie dan ook al, man of vrou, goeie dade doen en 'n gelowige is, sal die Paradys binnegaan, die volle beloning vir sy dade ontvang en in geen mate benadeel wees nie.

125. Wie kan dan beter wees in Geloof as die een wat homself aan Allah oorgegee het en goed is in dade, en die geloofsbelydenis van Abraham, die opregte en voorbeeldige, navolg. Allah het van Abraham Sy vriend gemaak.

126. Aan Allah behoort dit wat in die hemele is en dit wat op die aarde is. En Allah omvat alles.

Die reëls aangaande vroue wat wees gelaat is

127. Mohammed, wanneer hulle jou vra vir die reëls aangaande die trou met weeskinders, sê dan vir hulle: Allah antwoord julle aangaande die vroue: doen dan nou soos wat vir julle voorgedra word vanuit die Boek met betrekking tot die mooi vroue wat wesies is en met wie julle trou maar nie hul huweliksregte gee nie of die wat julle nie as mooi genoeg vir trou beskou nie, maar daarvan weerhou om met ander mans te trou net om toegang tot hul besittings te behou. Allah antwoord julle ook aangaande die swakker kinders en dat julle geregtigheid vir die wesies sal verseker. Die goeie wat julle ook al sou doen, Allah weet daarvan.

128. Indien 'n vrou bevrees is dat sy swak deur haar man behandel gaan word of dat haar man 'n afkeer in haar sou kry, dan is dit nie sonde as hulle 'n kompromie sou bereik nie. Dit is beter om 'n kompromie te bereik. Gierigheid en hebsug is deel van die menslike siel gemaak. Maar as jy goed doen en 'n heilige ontsag en respek het vir Allah, dan is Allah alwetend van wat julle doen.

129. Julle sal nooit daartoe in staat wees om absolute gelykheid tussen julle vroue te handhaaf nie, al wil julle ook hoe graag. Moet dus nie al

julle aandag aan net en vrou skenk en die ander afskeep nie. Indien julle jul verkeerde optredes regstel, en 'n heilige ontsag en respek vir Allah het, is Allah Meesvergewend, Baiegenadig.

130. Indien hulle skei, sal Allah deur Sy vermoë, elkeen van hulle behoeftevry maak. Allah is Alomvattend, Alwys.

131. Aan Allah behoort wat in die hemele is en dit wat op die aarde is. Ons het diegene wat die Boek gehad het voor julle, en julleself beveel om 'n heilige ontsag en respek vir Allah te hê. En indien julle nie glo nie, aan Allah behoort dit wat in die hemele is. Allah is Onafhanklik, Ewiggeprys.

132. Aan Allah behoort wat ook al in die hemele is en wat ook al op die aard is.

133. Indien Allah sou verkies kan Hy julle laat gaan, en ander inbring. Allah het die mag om dit te kan doen.

134. Wie ook al sy vergoeding in hierdie wêreld soek moet weet dat die beloning vir hierdie wêreld en die Hiernamaals is by Allah. Allah is die Alhorende, die Alsiende.

135. Gelowiges, wees handhawers van reg en geregtigheid: getuies vir Allah, al sou dit teen jul eie belang wees of die van jul ouers of familie. Of 'n mens nou ryk is of arm Allah is die beste versorger vir albei. So moenie julle begeertes navolg nie, sodat julle nie afdwaal nie. En indien julle bewyse verdraai of ignoreer, weet dan dat Allah bewus is van alles wat julle doen.

136. Gelowiges, glo in Allah en Sy Boodskapper en in die Boek wat Allah aan Sy Boodskapper openbaar het en aan die Boeke wat Hy voorheen openbaar het. Wie ook al nie glo in Allah, sy engele Sy Boeke, Sy Boodskappers en in die Laaste Dag nie het voorwaar ver afgedwaal.

137. Waarlik, diegene wat geglo het en dan ongelowig geword het, weer geglo het en weer ongelowig geword het, en dan voortgaan om toe te neem in ongeloof: Allah sal hulle nie vergewe nie en ook nie op die weg lei nie.

138. Gee aan diegene wat voorgee wat hulle nie is nie die goeie nuus dat daar vir hulle 'n pynlike straf wag:...

139. ...diegene wat die ongelowiges as vriende neem eerder as gelowiges. Soek hulle na eer in hul vriendekring? Dit is egter so dat alle eer aan Allah behoort.

140. En Allah het aan julle in die Boek geopenbaar dat wanneer julle hoor dat die verse van Allah betwyfel en bespot word, moet julle nie langer in daardie geselskap sit nie, tensy die gesprek verander word. As jy daar bly sit, dan is jy net soos hulle. Waarlik Allah gaan alle mense wat voorgee wat hulle nie is nie, en die ongelowiges, versamel in die Hel.

141. Dit is diegene wat jou ongeluk toewens net sodra as wat jy 'n oorwinning behaal het, en sê: “Was ons nie by jou nie?” En sou die ongelowiges iets behaal, dan sê hulle: “het ons julle nie oorweldig en steeds teen die ongelowiges beskerm nie?” Allah sal tussen julle besluit op die Oordeelsdag. En Allah sal nooit die ongelowiges die oorhand oor die gelowiges laat kry nie.

142. Diegene wat voorgee wat hulle nie is nie, probeer om Allah te mislei terwyl Hy eintlik die een is wat hulle in hul misleiding laat. Wanneer hulle opstaan in Aanbidding staan hulle lui-lui op vir die vertoon voor die mense, en hulle onthou Allah nie eens in die geringste nie...

143. ...aarselend tussen dit en dat terwyl hulle nie hier en ook nie daar is nie. Vir diegene wie Allah laat afdwaal, sal julle nooit 'n weg terugvind nie.

144. Gelowiges, moenie ongelowiges in die plek van gelowiges vir julle as vriende neem nie. Wil julle nou voor Allah 'n duidelike bewys bring teen julleself?

145. Waarlik, diegene wat voorgee wat hulle nie is nie, is op die laagste vlak van die Vuur, en julle sal nooit vir hulle 'n helper kan vind nie...

146. ...behalwe vir diegene wat berou het, hulself korrigeer, aan Allah vashou en hul Geloof, Islam, rein maak vir Allah. Sulke mense is saam met die gelowiges en Allah sal vir die gelowiges 'n groot beloning gee.

147. Wat sal Allah daarby baat as Hy julle straf wanneer julle dankbaar is en glo? Allah is Waarderend, Alwetend.

148. Allah hou nie daarvan as iemand openlik lelike dinge van ander mense sê nie, behalwe as dit iemand is wat verontreg is, wat dan die reg het om homself binne die reg te verdedig. Allah is Alhorend en Alwetend. (K16:126)

149. Indien jy openlik of in die geheim goed doen, of 'n sondige daad oor die hoof sien dan is Allah Alomvergewend, Almagtig.

150. Waarlik diegene wat nie glo in Allah en Sy Boodskappers nie, en wat begeer om verdeeldheid tussen Allah en Sy Boodskappers te bring deur te sê: “Ons glo in sommige maar nie in ander nie” en dan probeer om 'n middeweg te volg...

151. ...hulle is in werklikheid die ongelowiges vir wie Ons 'n vernederende straf voorberei het.

152. Diegene wat egter in Allah en Sy Boodskappers geglo het, en geen onderskeid tussen enige van die Boodskappers getref het nie, aan hulle sal Hy hul belonings gee. Allah is Meesvergewend, Baiegenadig.

153. Die mense van die Boek vra jou om vir hulle 'n Boek uit die hemel uit af te bring. G'n wonder nie want hulle het alreeds vir Moses iets groters gevra as dit toe hulle gesê het: “Maak dat ons Allah openlik kan sien.” Dis toe dat die weerligstraal hulle doodgeslaan het. Later het hulle vir hulleself die kalf geneem en dit nadat hulle duidelike leiding van Allah af ontvang het. Toe het Ons hulle vergewe en aan Moses 'n openlike gesag gegee.

Die Jode en die Sabbat

154. En Ons het die berg Sinai hoog bokant hulle koppe opgelig teneinde hulle tot 'n eed van getrouheid te dwing, en aan hulle gesê: “Moenie oortree ten opsigte van die Sabbat nie.” En Ons het van hulle 'n vaste eed verkry.

155. So, hulle het maar net hul eie lot beklink deur die eed te verbreek, omdat hulle nie in die verse van Allah geglo het nie, omdat hulle die profete onregmatig vermoor het, en omdat hulle gesê het: “Ons harte is verseël.”...: eintlik is dit Allah wat 'n seël op hulle harte geplaas het omdat hulle nie geglo het nie. Hierdie mense se geloof is so swak.

156. ...en verder vir hul ongeloof en vir wat hulle van Maria gesê het as growwe aantyging,

157. en vir toe hulle gesê het: “Ons het definitief die Messias, Jesus die seun van Maria, die Boodskapper van Allah, doodgemaak.” Hulle het hom egter nie doodgemaak nie, en hom nie gekruisig nie, maar hulle was mislei deur iemand wat soos Jesus gelyk het. Diegene wat hierdie feite betwis, is verseker in vertwyfeling. Hulle het nie kennis hiervan nie, maar volg net allerhande giere. Dit is definitief so dat hulle Jesus nie doodgemaak het nie,

158. Maar wat gebeur het is dat Allah Jesus na Homself toe opgeneem het. En Allah is die Almagtige, die Alwyse.

159. En wat meer is: al die mense van die Boek sal nog in Jesus glo* voordat hy sterf, en op die Oordeelsdag, sal Jesus teen hulle getuig. (*K43:61)

160. Vir die oortredinge dan van diegene wat Jode geword het, het ons as hulle straf hulle belet van die goeie dinge wat vroeër vir hulle wettig was en omdat hulle mense gereeld van die weg van Allah af weggehou het,

161. en omdat hulle woekerwins en rente geneem het terwyl dit vir hulle verbode was, en omdat die hulle die eiendom van ander mense verslind het op valse maniere. Ons het vir die ongelowiges onder hulle 'n pynlik straf voorberei.

162. Maar die van hulle wat goed gefundeerd was in kennis en die gelowiges, glo in wat aan julle openbaar was en wat voor julle geopenbaar was, en natuurlik, diegene wat die Aanbidding onderhou en Armebelasting betaal, en in Allah en die Laaste Dag glo. Aan hulle sal Ons 'n groot beloning gee.

163. Waarlik, Ons het aan jou 'n openbaring gegee soos wat ons openbarings gegee het aan Noag en aan al die profete na hom. En ons

het openbarings gegee aan Abraham, Ismael, Isak, Jakob en hulle kinders en aan Jesus, Job, Jona, Aaron en Salomo. Vir Dawid het ons die Psalms gegee.

164. Ons het die Boodskappers afgestuur waarvan Ons jou reeds vertel het, en ander waarvan Ons jou nie vertel het nie. En Allah het verbaal met Moses gepraat.

165. Boodskappers bring goeie nuus sowel as waarskuwings, sodat mense geen verskoning sal hê nadat die Boodskappers gekom het oor hoekom hulle nie geglo het nie. Allah is Almagtig, Alwys.

166. Maar Allah is getuie van jou Profeetskap deur wat Hy aan jou openbaar het: dit wat Hy met Sy kennis openbaar het. Die engele is ook getuies. Allah is algenoegsaam as Getuie*. (*K41:53)

167. Diegene wat nie geglo het nie en ander mense verhoed het om Moslems te word en om die Weg van Allah te volg, het baie ver afgedwaal.

168. Waarlik diegene wat ongelowig was en oortree het, Allah sal hulle nooit vergewe nie en sal hulle ook op geen ander weg lei,

169. as die weg wat na die Hel lei nie, waar hulle vir ewig sal bly. Vir Allah is dit sommer baie maklik.

170. O mensdom, die Boodskapper het na julle toe gekom met die waarheid vanaf julle Skepper, Voorsiener en Onderhouer. Nou moet julle net glo. Want dit is goed vir julle om te glo. En as julle nie glo nie, aan Allah behoort dit wat in die hemele is en dit wat op die aarde is. Allah is Alwetend, Alwys.

171. Mense van die Boek, moenie oordadig wees in julle Godsdiens nie, en moenie enigiets oor Allah sê nie behalwe die waarheid. Die Messias, Jesus, die seun van Maria is slegs maar 'n Boodskapper van Allah en sy woord het Hy aan Maria gelewer, asook 'n gees van Homself as nuwe geestelike belewenis vir gelowiges*. So, glo in Allah en Sy boodskappers. En moenie sê dat Allah uit “drie” wesens bestaan nie, of deel is van die drie-eenheid nie. Stop dit op die daad. Dit is goed vir julle dat julle dadelik daarmee stop. Allah is slegs die Een God. Hy is vêr te rein om 'n seun te hê. Aan Hom behoort wat in die hemele is en op die aarde: Allah is genoegsaam om op te vertrou, want hoe wil julle nou ook nog vertrou op dit wat in elk geval aan Hom behoort. (*K42:52)

172. Die Messias Jesus het dit nie as 'n vernedering beskou om 'n dienskneg van Allah te wees nie, en so ook nie die engele wat naby Allah is nie. Wie ook al dit as vernedering beskou om Allah te aanbid en arrogansie vertoon sal voor Allah versamel word.

173. Vir hulle wat glo en goeie dade doen, sal Hy hul beloning ten volle gee, en nog meer vanuit Sy genade. Maar aan diegene wat dit as 'n vernedering beskou en arrogansie vertoon, aan hulle sal Hy 'n pynlike straf gee, en hulle sal vir hulleself nie 'n vriend of helper kan vind nie behalwe net vir Allah.

174. O Mensdom, die bewys het na julle gekom vanaf julle Skepper, Voorsiener en Onderhouer en Ons het 'n helder lig na julle toe afgestuur.

175. Nou, diegene wat in Allah glo en aan Hom vashou: Hy sal hulle opneem in Genade van Hom af, en Guns, en sal hulle na Homself toe lei der middel van 'n reguit weg.

176. Hulle vra jou om 'n uitspraak te gee aangaande iemand wat by afsterwe geen voorsate of nasate meer het nie. Sê vir hulle: “Allah gee julle die uitspraak daaroor. Indien iemand sou sterf sonder 'n seun, maar hy het 'n suster, dan kry sy een helfte van wat hy agterlaat. En hy erf al haar goed as sy sou sterf sonder 'n kind. Indien hulle twee susters is kry hulle elk 'n derde van wat hy nalaat. En as hulle broers en susters is , beide manlik en vroulik, dan kry die manlike 'n deel gelyk aan twee dele van die vroulike.” Allah verduidelik vir julle hierdie dinge om te verhoed dat julle fouteer. En Allah is ten volle bewus van alles.

_____

Mag Allah die woorde van hierdie hoofstuk in ons harte skryf en vir ons vandag, in ons dag, daarmee leiding gee sodat ons nog beter Moslems kan wees. Tot Sy eer en deur Sy genade.